# Tafelberg Disastap vanaf Constantianek 2021

| ROETE: | Constantianek, damme, Disakloof, akwaduk en terug | DATUM: | 6 Februarie 2021 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Om disas in hul natuurlike omgewing te sien – dit bly spesiaal. En dit was ons doelwit toe 15 van ons op Saterdagoggend 6 Februarie 2021 by Constantianek bymekaar gekom het (nadat party van ons omtrent 'n kilometer ver vir parkeerplek moes soek en 'n 10-punt draai moes maak om daar in te pas omdat daar so baie stappers was). Ons neem toe die twee "trappies-paadjies" tot ons uiteindelik weer in die jeeppad kom. Ons druk deur tot by die bome langs die Woodhead-dam (in 1897 voltooi) waar ons in die skaduwee rus en iets eet. Daarna stap ons oor die indrukwekkende wal van die Hely Hutchinson-dam (in 1904 voltooi) tot by die museum waar ons Werner Dalziel se groep raakloop (hulle het ook gaan disas kyk maar 'n moeiliker en langer roete geneem). Ons neem toe die paadjie op in Disakloof en by die riviertjie sien ons die eerste helderrooi disas (en neem baie foto's omdat ons so in verwondering gestaan het). Daarna klim ons op in Disakloof tot by die akwaduk om die oorvloed van disas te sien. Dit bly spesiaal om hierdie skaars blomme in hul natuurlike habitat te sien. Op pad terug kry ons 'n bietjie skaduwee onder 'n oorhangrots en plak net daar vir 'n welverdiende ruskans voor ons die res van die pad aandurf. Party van ons het daarna by La Parada oorkant die pad eers gaan lafenis soek voor ons terug gery het huis toe. Die disas bly onthoubaar mooi. Baie dankie aan Chrisna Swart vir die stapleiding en aan Amanda Matthee vir die reëlings.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Matthee | 2021040 | R 5 | 16 | |
| Chrisna Swart | 2021043 | R 5 | 16 | |
| Enrico Nel | 2021042 | R 5 | 16 | |
| Elza Geldenhuys | 2021086 | R 5 | 16 | |
| Estelle Zietsman | 2021032 | R 5 | 16 | |
| Gerna Terblanche | 2021069 | R 5 | 16 | |
| Miranda Myburgh | 2021068 | R 5 | 16 | |
| Sinmarie Pieterse | 2021029 | R 5 | 16 | |
| Cariena Liebenberg | 2021051 | R 5 | 16 | |
| Pieter le Roux | 2021078 | R 5 | 16 | |
| Willemien le Roux | 2021079 | R 5 | 16 | |
| Heidi Ansley | Besoeker | R 10 | 16 | |
| Michael Ansley | Besoeker | R 10 | 16 | |
| Ulla Esterhuyzen | 2021095 | R 5 | 16 | |
| Santie Kies | 2021063 | R 5 | 16 | |
| | | | | |
| | TOTALE: | **R 85** | **240** | |

| VERSLAG DEUR: | Amanda Matthee |
|---|---|